## Vir die ouer / onderwyser

Om te lees is een van die belangrikste vaardighede wat leerders in die grondslagfase moet bemeester. Om hierdie rede word 'n volle 2 uur en 30 minute per week vir **groepbegeleide lees** voorgeskryf, en 'n verdere 45 minute vir **gedeelde lees**.

Die *Meerkatreeks*, wat uit 2 klasleesboeke per Graad vir graad 1–3 bestaan, is saamgestel vir groepbegeleide lees. Elke klasleesboek bevat materiaal vir twee kwartale.

## Groepbegeleide lees

In die klaskamer word groepbegeleide lees op twee maniere gedoen:

- met die hele klas uit 'n klasleesboek, en
- met groepe leerders op verskillende leesvlakke uit gegradeerde leesboeke wat pas by die spesifieke kind/groep se leesvaardigheid.

**Die klasleesboek**

Hierdie klasleesboek is só geskryf dat die gemiddelde leerders 'n spesifieke leesles met taamlike gemak kan lees nadat dit met hulle deurgegaan is. Al die leerders in die klas werk uit dieselfde boek en die storie-inhoud word gewoonlik gebruik as basis vir 'n aantal lees- en skryfopdragte. Die stories behoort ook aan te sluit by die temas wat in die kurrikulum voorgeskryf word.

Hierdie klasleesboek verskaf ook leiding ten opsigte van die klanke, sigwoorde en spelwoorde wat by elke les aandag moet kry. Elke leesles bevat ook 'n aantal lees- en skryfoefeninge wat by die spesifieke leesles pas. Een leesles met die gepaardgaande aktiwiteite word per week aanbeveel.

Agter in die leesboek word 'n leesplan met duidelike riglyne t.o.v. die leesaktiwiteite per week verskaf. Daar word ook stap vir stap verduidelik hoe die leesles aangepak kan word, en 'n verskeidenheid leesspeletjies word verskaf om vinnige woord- en klankherkenning te oefen.

**Gegradeerde leesboeke vir gedifferensieerde lees**

Al die leerders in die klas lees nie ewe goed nie. Sommige leerders sukkel dalk met die stories in die klasleesboek, terwyl ander die inhoud lag-lag bemeester. Een leesles per week bied eintlik ook nie genoeg oefening om te waarborg dat leerders op standaard lees nie. Om elke leerder genoeg leesoefening te gee en volgens sy of haar vermoë te laat lees, word leesreekse met gegradeerde leesboekies vir gedifferensieerde lees ook gebruik. Hierdie leesboeke word gekies om by die leerder se leesvaardigheid aan te pas, en sluit nie noodwendig by die kurrikulumtemas aan nie. Die leesboekreeks dui byvoorbeeld die moeilikheidsgraad van elke leesboek aan.

## Gedeelde lees

Gedeelde lees word met die hele klas of in leesgroepe gedoen en maak van vergrote leesmateriaal gebruik.

**Hierdie leesboek is 'n klasleesboek**, en nie 'n gegradeerde leesboek vir gedifferensieerde lees nie. Dit bevat ook nie vergrote teks wat vir gedeelde lees gebruik word nie.

## Soorte lees

Elke leesles behoort verskillende tipes lees in te sluit. Hier is 'n paar voorbeelde:

**Spoedlees:** Met net 250 woorde kan 'n leerder 60-75% van enige teks lees. Hierdie woorde word hoëfrekwensie-sigwoorde genoem en sluit woorde in soos *ek*, *is*, *die*, *nie*, *en*, *het*, *word*. Daar word met elke leesles geoefen om die sigwoorde so vinnig as moontlik te lees. Hoe makliker en vinniger kinders die sigwoorde kan lees, hoe meer tyd het hulle om die res van die sin te ontsyfer. Agter in die boek word wenke gegee vir hoe spoedlees speel-speel geoefen kan word. Spesifieke sigwoorde word by elke les aangedui.

**Vooraflees:** Vooraflees word gebruik om te voorspel wat in die teks gaan gebeur. In hierdie klasleesboek kan leerders byvoorbeeld gelei word om die prent te bestudeer en later om die eerste sin van elke paragraaf te lees, waarna hulle moet voorspel waaroor die teks gaan.

**Soeklees:** Soeklees word gebruik wanneer 'n mens na iets spesifieks – soos 'n woord, naam of feit – in die teks soek. Die tegniek word agter in die boek verduidelik. Toepaslike soekleesoefeninge word by elke les verskaf. Leerders soek byvoorbeeld na woorde met sekere klanke of lees- en skryftekens.

**Hardoplees en stillees:** Aan die begin vind leerders dit makliker om te lees as hulle woorde hardop uitklank omdat hulle die woord tegelykertyd sien en hoor. Maar leesbegrip hang baie af van hoe vinnig mens kan lees, en dit neem langer om hardop te lees. Daarom behoort stillees baie aandag te kry. In hierdie klasleesboek word daar duidelik aangedui wanneer daar na stillees oorgegaan kan word, en daar word wenke gegee hoe stillees aangemoedig kan word.

**Voordraglees:** Hardoplees is nie noodwendig voordraglees nie. Voordraglees neem byvoorbeeld intonasie, stemtoon, volume en wisselende leesspoed in ag, en die kind leer dit doen deur die volwasse voorleser na te aap. Later kan dit vanself kom. Hierdie klasleesboek is so geskryf dat dit voordraglees maklik maak. Duidelike riglyne t.o.v. voordraglees word agter in die leesboek verskaf.

Lekker lees met die *Meerkatreeks*. Hierdie reeks klasleesboeke gaan u – en die leerders – ure se doelgerigte pret verskaf.

Mart Mei

## Hoe om 'n leesles aan te pak

### Vooraf

- Maak flitskaarte van die klanke en sigwoorde wat vir die kwartaal voorgeskryf is. Die klanke sal enkelklanke, dubbelklanke (bv. ee, oo, uu en aa), klinkersamestellings (bv. ie, ou, eu, ens.) en medeklinkersamestellings (br, kr, dr, vl, st, ens.) insluit. Die leesplan dui die verskillende klanke en klanksamestellings duidelik aan. Die flitskaarte moet groot genoeg en die letters dik genoeg wees dat die kinders agter in die klas dit duidelik kan sien.
- Verdeel die flitskaarte in stelle volgens die woorde/klanke per week.
- Haal nou net die pakkies flitskaarte uit wat vir die les gebruik gaan word. Voorbeeld: As dit nou week 7 is, haal u die klanke en sigwoorde vir week 1-7 uit.

### Die leesles self

❖ Een dubbelbladsy (hoofstuk) per week word aanbeveel.
❖ 'n Gemiddelde leesles behoort ongeveer 'n halfuur te duur.
❖ Probeer altyd dieselfde roetine volg wanneer u 'n leesles aanbied.

#### Klanke, spelling en soeklees

- Begin deur die klanke wat reeds bekendgestel is, te flits en laat die leerders die klanke so vinnig as moontlik lees. Kyk by die voorgestelde speletjies onderaan hierdie bladsy hoe u die oefening interessant kan hou. Belangrik: Gebruik net die klanke wat in die leesplan aangedui word.
- Spoedlees die sigwoorde wat reeds bekendgestel is.
- Stel die nuwe sigwoorde bekend. Flits die sigwoorde en laat die leerders die woorde lees en op hul skryfborde skryf. Vanaf dag 2 van die leeslesse kan u die nuwe woorde met die ou sigwoorde meng. Vanaf dag 3 kan u spoedlees van die bekende sigwoorde oefen met die speletjies onderaan hierdie bladsy.

#### Soeklees

- Flits 'n sigwoord. Die leerders lees die woord en soek die woord in hul leesles.
- Noem 'n klank wat in die leesles voorkom. Wie kan eerste 'n woord met die klank kry? Konsentreer op klanke wat in die betrokke week bekendgestel word.
- Noem 'n woord uit die les. Wie kry eerste die woord?

#### *Wenke vir soeklees*

- Met soeklees word die hele teks nie woord vir woord gelees nie. Wys die leerders hoe om die hand links bo by die eerste reël te sit en dan in vlot s-bewegings van links na regs oor die bladsy te beweeg terwyl hulle na 'n spesifieke woord/klank soek. Die beweging help die oë om nie op elke woord vas te steek nie.
- Gebruik slegs die leesles vir soeklees, nie die opdragte nie.

#### Voorlees

- Stel die inhoud bekend deur die leesles vir die leerders voor te lees. Gee aandag aan intonasie, en wissel die leesspoed, volume, ens., af. Die leerders volg die les in hul klasleesboeke.
- Lees die les weer 'n keer, maar stop hier en daar en vra verskillende leerders om verder te lees. Dit dwing die leerders om saam te lees en nie net te luister nie.

☼ **Belangrik:** U behoort die les hoogstens twee keer voor te lees, anders begin leerders die inhoud onthou. Papegaailees is die gevolg.

#### Bespreek die leesles se inhoud

- Laat die leerders leestekens aantoon en verduidelik hoe die leesteken die sin beïnvloed.
- Vra 'n paar geheue- en begripsvrae oor die inhoud. Onthou dat die leerders elke keer hul antwoord moet motiveer.

#### Stillees

Gee die leerders kans om die les sonder u ondersteuning te lees. Moedig stillees aan.

#### Leesopdragte

Verduidelik die eerste leesopdragte. Op elke volgende dag van die week, verduidelik u die volgende leesopdrag.

☼ **Belangrik:** Moenie van die Graad 2's verwag om die leesopdragte self te kan lees nie. U kan ook nie al die leesopdragte op een slag aan die leerders verduidelik nie. Hulle sal dit nie alles kan onthou nie en net u tyd mors deur oor en oor te vra wat hulle moet doen.

#### Gedifferensieerde lees

Terwyl die leerders met hul leesopdragte uit die klasleesboek besig is, neem u kleiner leesgroepe om uit hulle gedifferensieerde leesboeke vir u te kom lees. Volg presies dieselfde stappe as met die klasbegeleide lees uit die klasleesboek.

### Spoedleesspeletjies

- Leerders staan in 'n ry 'n paar meter van u af. Flits die klanke/sigwoorde. Wie kan eerste die flitskaart lees? Die leerder neem 'n skoengrootte tree vorentoe. Wie kan eerste aan u raak?

☼ Kinders wat die antwoord uitskree, slaan een beurt oor.

- Dieselfde idee: Leerders sit op hul stoele. Die leerder wat eerste antwoord, staan op sy stoel, dan op sy tafel, dan terug op sy stoel en dan is hy/sy die wenner en neem nie verder deel nie.

☼ Deur vinnige lesers uit te skakel, help u die stadiger lesers om nie moed op te gee nie.

- Kan jy die woord/klank lees as jy jou hande bo jou kop hou? O! Jy kan! Maar nou het ek jou vas: Kan jy die woord lees as jy op jou stoel staan met jou hande bo jou kop? Ai! Die klas is baie slim! Ek is seker julle sal dit nie kan doen as julle jul hande bo julle kop hou, op julle tafel staan en 'n boontjiesak op julle kop balanseer nie, ens.
- Lees die woorde met die fynste/grofste stem wat jy kan. Kan jy die woorde lees sonder om jou lippe te roer/met 'n koeëlronde mond? ens.

**Leesplan vir Kwartaal 1 en 2**

| **Kwartaal 1** | | | |
|---|---|---|---|
| **Week** | **Bladsy** | **Leesvaardighede** | **Klanke** |
| | **Storie 1: 'n Dag by die dam** | | |
| 1 | 2, 3<br>Hoofstuk 1: **Reg om dam toe te gaan** | **Vooraf**<br>• Hoe om 'n boek reg vas te hou<br>• Hoe om korrek te blaai<br>• Oefen op-/af-oogbewegings<br>• Lees van voor na agter, bo na onder, links na regs<br>**Soeklees**<br>• Spesifieke woorde in teks<br>**Spoedlees**<br>• Vlot herkenning van enkelklanke<br>• Pakkie sigwoorde vir week 1<br>**Leesbegrip**<br>• Kyk na prente. Waaroor, dink jy, gaan die storie? | **Klanke**<br>Alle enkelklanke<br><br>**Spelwoorde**<br>sap, val<br>hom, dof<br>wit, lig<br>buk, rus<br>jy, lyf<br>net<br>rem<br><br>**Hoëfrekwensie-sigwoorde**<br>van, wat, sal, om, op, kom, en, het, ek, met, 'n, is, in, dit |
| 2 | 4, 5<br>Hoofstuk 2: **'n Duur les!** | **Vooraf**<br>• Oefen groot heen-en-weer-bewegings van links na regs wat middellyn kruis<br>**Vooraflees**<br>• Voorspel storie n.a.v. illustrasie<br>• Dui in teks aan dat sinne met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig. Dui ook die **!** en **?** aan<br>**Soeklees**<br>• Spesifieke enkel- en dubbelklanke in leesles<br>• Spesifieke dubbelklankwoorde in leesles<br>• Tel aantal **!** en **?** in leesles<br>**Spoedlees**<br>• Vlot herkenning van enkelklanke plus dubbelklanke<br>• Al die voorgeskrewe sigwoorde met enkel- en dubbelklanke<br>**Leesbegrip**<br>• Die invloed van leestekens **!** en **?** en . as jy lees (intonasie) | **Klanke**<br>Alle enkelklanke PLUS dubbelklanke ***ee***, ***oo***, ***aa***, ***uu***<br><br>**Spelwoorde**<br>kaal, waag, jaar<br>weef, deeg, heen<br>voor, boot, soom<br>muur, nuus, vuur<br><br>**Nuwe sigwoorde**<br>aan, daar, waar<br>wees, een, weer<br>soos, voor, ook |
| 3 | **Storie 2: Maats wat pla** | | |
| | 6, 7<br>Hoofstuk 1: **Maats by die skool** | **Vooraf**<br>• Oefen groot heen-en-weer-bewegings wat middellyn met die oë kruis<br>**Vooraflees**<br>• Kyk na die prent en voorspel waaroor die storie gaan<br>**Soeklees**<br>• Soek spesifieke woorde in teks. Spits toe op woorde met klank **ie**<br>• Identifiseer hoofletters, punte, vraagtekens in teks PLUS: identifiseer komma in teks<br>• Soek hoofletters aan die begin van die sin, name en vanne<br>**Spoedlees**<br>• Herken sigwoorde vir week 1-3 op sig. Beklemtoon herkenning van sigwoorde met **ie**<br>**Leesbegrip**<br>• Was jou voorspelling oor die inhoud van die storie reg? Waarom sê jy so?<br>• Watter kind is nie 'n goeie maat nie? Waarom sê jy so?<br>• Hoe het die kinders in die storie die boelie hanteer? Hoe sal jý 'n boelie hanteer?<br>• Beskryf hoofgedagte in leesles<br>**Leesgeheue**<br>• Noem karakters in die leesles se name sonder om weer in die boek te kyk<br>• Maak 'n lysie met woorde onder mekaar en voorsien dit van 'n titel (geen punt na 'n titel/opskrif) | **Klank**<br>Vlot herkenning van enkelklanke en dubbelklanke PLUS ***ie***<br><br>**Spelwoorde**<br>mier, lief, wiel, kiem, tier, siek, tien, drie<br><br>**Nuwe sigwoorde**<br>die, nie, sien, wie, hier<br><br>*Voorbeeld:*<br>*Woorde met* ***ie***<br>*lief*<br>*siek*<br>*wie*<br>*hier*<br>*nie* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4 | 8, 9<br>Hoofstuk 2: **Maats by die huis** | **Vooraf**<br>• Oefen groot op-/af-bewegings, S-bewegings en heen-en-weer-bewegings met oë beurtelings toe<br>**Vooraflees**<br>• Boekkonsep: illustrasie, titel<br>• Voorspel wat in storie gaan gebeur<br>• Gebruik fluisterlees om les vooraf te lees<br>**Soeklees**<br>• Spesifieke woorde in teks. Konsentreer op sigwoorde en woorde met **oe**<br>• Identifiseer hoofletters, punte, vraagtekens, komma in teks<br>• Hoofletters aan die begin van sin, name, vanne PLUS straat- en dorpname<br>**Spoedlees**<br>• Sigwoorde, enkel- en dubbelklanke wat reeds aangeleer is; konsentreer op sigwoorde met ***ie*** en ***oe***<br>**Leesbegrip**<br>• Wat is die hoofgedagte in die leesles?<br>• Stel begrip "dialoog" bekend m.b.v. praatborrelteks<br>• Maak 'n tweede tipe lysie, hierdie keer met woorde langs mekaar: titel sonder punt; items van mekaar geskei deur komma | **Klanke**<br>Vlot herkenning van enkelklanke, dubbelklanke, ***ie*** PLUS ***oe***<br><br>**Spelwoorde**<br>boek, soek<br>hoes, woes<br>voel<br>toer, boer<br>hoef<br><br>**Nuwe sigwoorde**<br>toe, moet, doen, goed, roep<br><br>*Voorbeeld:*<br>*Woorde met **oe**:*<br>*boek, voel, stoep, roep, goed* |
| 5 | 10, 11<br>Hoofstuk 3: **Maats in die buurt** | **Vooraf**<br>• Oefen groot sirkel-, sigsag- en hopbewegings met oë sodat die middellyn gekruis word<br>**Vooraflees**<br>• Bestudeer die prent. Waaroor gaan die storie? Lyk dit of al die kinders in die prent soet is?<br>• Beklemtoon belangrikheid van vooraflees<br>**Soeklees**<br>• Soeklees woorde met **ou** in teks, uitgesoekte sigwoorde<br>• Soek leestekens in teks en toon aan hoe dit intonasie beïnvloed<br>**Spoedlees**<br>• Klanke en sigwoorde wat tot nou bekendgestel is<br>**Leesbegrip**<br>• Dui leestekens aan en demonstreer hoe dit intonasie beïnvloed<br>• Dui aanhalingstekens in leesteks aan en, verduidelik wat dit beteken<br>• Leerder dui hoofletters in teks aan en verduidelik waarom die woord met 'n hoofletter geskryf word<br>• Identifiseer kernbesonderhede van gebeure in leesteks en plaas in regte volgorde | **Klanke**<br>Vlot herkenning van enkelklanke, dubbelklanke, ***ie***, ***oe*** PLUS ***ou***<br><br>**Spelwoorde**<br>goud, kous, fout, woud, sout, klou, blou, stout<br><br>**Nuwe sigwoorde**<br>jou, sou, gou, nou, hou |
| 6 | **Storie 3: Pret in Berglaan** | | |
| | 12, 13<br>Hoofstuk 1: **Van lekker lag kom lekker huil** | **Vooraf**<br>• Groot sirkel-, sigsag- en hopbewegings sodat die middellyn gekruis word, met oë beurtelings toe<br>**Vooraflees**<br>• Gebruik visuele leidrade (titel, prente) om te voorspel waaroor storie/leesstuk handel<br>• Interpreteer storie vooraf deur net na die prente te kyk<br>• Begin om stillees aan te moedig by vooraflees<br>**Soeklees**<br>• Soek na spesifieke woorde en klanke in teks<br>• Soek die vraagwoorde in leesles<br>**Spoedlees**<br>• Klanke en sigwoorde wat tot nou bekendgestel is<br>**Leesbegrip**<br>• Identifiseer karakters in leesles<br>• Spreek 'n opinie uit oor die inhoud van die storie/karakters in die leesles<br>• Kies kernwoorde in elke sin en maak 'n borddiagram van die storie se verloop<br>• Demonstreer hoe praatborrelteks verskil van gewone dialoog. Wys op korrekte gebruik van aanhalingstekens | **Klanke**<br>Vlot herkenning van enkelklanke, dubbelklanke, ***ie***, ***oe***, ***ou*** PLUS ***ui***<br><br>**Spelwoorde**<br>ruik, tuin, vuil, duif, ruit, muis, ruig, suis<br><br>**Nuwe sigwoorde**<br>uit, huis<br>weet, meer<br>maar, gaan |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7 | 14, 15<br>Hoofstuk 2: **Baie hande maak ligte werk** | **Vooraf**<br>• Groot lui-8-beweging met die oë wat middellyn kruis terwyl leerder op ’n tou/baksteen op die grond staan<br>**Vooraflees**<br>• Bestudeer prent. Wat gaan in die storie gebeur?<br>• Leerder probeer die storie selfstandig stillees of fluisterlees<br>• Ná fluisterlees sê leerder of hy/sy die storie reg voorspel het<br>**Soeklees**<br>• Soek spesifieke woorde in teks. Beklemtoon vraagwoorde<br>• Dui leestekens in teks aan en toon aan hoe dit intonasie beïnvloed<br>• Leerder dui hoofletters in teks aan en motiveer waarom die woord met ’n hoofletter geskryf is<br>**Spoedlees**<br>• Klanke en sigwoorde wat tot nou bekendgestel is<br>**Leesbegrip**<br>• Dui kernwoorde in elke sin aan en vertel n.a.v. kernwoorde die volgorde van gebeure in die storie<br>• Spreek ’n opinie uit oor die teks of karakters in die teks | **Klanke**<br>Vlot herkenning van enkelklanke, dubbelklanke asook ***ie***, ***oe***, ***ou***, ***ui*** PLUS ***eu***<br><br>**Spelwoorde**<br>reuk, seun, deur, meul, neut, jeuk, geur<br><br>**Nuwe sigwoorde**<br>deur<br>oor,<br>soek, voel, soet |
| 8 | **Storie 4: Avonture by die vlei** | | |
| | 16, 17<br>Hoofstuk 1 : **Die seuns gaan kamp** | **Vooraf**<br>• Bekende oogoefeninge terwyl leerder op tou/baksteen staan<br>**Vooraflees**<br>• Voorspel storie deur na die illustrasie te kyk<br>• Fluisterlees die bladsy selfstandig – was die voorspelling reg?<br>**Leestegniek**<br>• Lees les hardop voor. Klem op intonasie en volumebeheer. Leerder lees saam.<br>**Soeklees**<br>• Spesifieke woorde, klanke en leestekens in leesles<br>**Spoedlees**<br>• Voorgeskrewe klanke en sigwoorde<br>**Leesbegrip**<br>• Sien jý kans om sonder jou ouers/onderwyser te gaan kamp? Is dit veilig?<br>• Tel paragrawe. Waarom gebruik ons paragrawe? | **Klanke**<br>Vlot herkenning van enkelklanke, dubbelklanke, ***ie***, ***oe*** ***ou***, ***ui***, ***eu*** PLUS ***ei/y***<br><br>**Spelwoorde**<br>seil, Mei, trein, vleis, keil, vlei, wei, sein<br><br>**Nuwe sigwoorde**<br>klein, eie, hy<br>wou, nou, hou |
| 9 | 18, 19<br>Hoofstuk 2: **Die groot kosmaak** | **Vooraflees**<br>• Voorspel die storie deur die illustrasie te bestudeer. Fluisterlees – was die voorspelling reg?<br>**Leestegniek**<br>• Fluisterlees met potlood tussen lippe<br>• Hardoplees met klem op intonasie. Bespreek weer of die voorspelling reg was.<br>**Soeklees**<br>• Spesifieke woorde, klanke en leestekens in leesles<br>**Spoedlees**<br>• Hersiening van alle enkelklanke, dubbelklanke en vokaalklanke wat uit 2 letters bestaan<br>• Lees daagliks die hoëfrekwensie-sigwoorde so vinnig as moontlik. Hou die oefening interessant m.b.v. speletjies<br>**Leesbegrip**<br>• Waar het die seuns hul tent opgeslaan? Was dit veilig om daar te slaap? | Hersien **klanke** en **spelwoorde** wat tot nou bekendgestel is<br><br>Hersien daagliks die ***voorgeskrewe-hoëfrekwensie sigwoorde*** in pakkies van 15-20 |
| 10 | 20, 21<br>Hoofstuk 3:<br>**Hier kom die meisies!** | Rond af:<br>• Vlot herkenning van voorgeskrewe letters/klanke<br>• Vlot lees en skryf van die voorgeskrewe sigwoorde<br>• Vlot lees en skryf van die voorgeskrewe spelwoorde<br><br>Begin assesseer | |

- Vir die res van die leesboek word daar nie meer volledige riglyne gegee nie. U het nou 'n goeie idee van wat om te doen. Die klanke, spelwoorde en sigwoorde vir die week word wel verskaf.
- Wanneer kinders van hierdie ouderdom lees, is hulle nog geneig om woorde hardop uit te klank sodat hulle kan hoor wat daar geskryf is. Omdat 'n mens vinniger lees wanneer jy stillees, is die ideaal dat elke leerder doodstil kan lees sonder om hardop uit te klank. Daarom begin u van hierdie les af om spesifiek daaraan aandag te gee dat die leerders die les vooraf op hul eie stillees. Maak 'n speletjie daarvan en laat die leerders 'n potlood liggies met sy lippe vasdruk. Die leerders kyk dan of hulle die les kan lees sonder dat die potlood uit hul mond val. Nadat die leerders die les gelees het, vra u 'n paar geheuevrae om seker te maak dat hulle wel die les gelees het en om te sien in watter mate hulle die inhoud verstaan en onthou. Indien u vind dat spesifieke leerders min onthou, kan u die storie saam met hulle deurlees en hulle kan daarna weer probeer om dit te stillees. Hou week ná week hiermee vol totdat die leerders die stillees selfstandig kan doen.

| Storie 5: Biedie By en Fienie Fee | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Week** | **Hoofstuk** | **Bladsy** | **Klanke** | **Spelwoorde** | **Sigwoorde** |
| 11 | Hoofstuk 1: **Dit is lente en Biedie moet gaan werk** | 22, 23 | eeu; eeu/eu/ee | leeu, sneeu, spreeu, skreeu, meeu | Hersien sigwoorde van kwartaal 1 **PLUS** hierdie nuwe woorde: teen, neem, nee, weg |
| 12 | Hoofstuk 2: **Dis somer en hier kom probleme** | 24, 25 | ie/uu | vier/vuur; nies/nuus; tier/tuur; hier/huur; dier/duur | Bekende sigwoorde **PLUS** gee, dis, geen, lyk, reg, mag |
| 13 | Hoofstuk 3: **Die herfs is amper verby** | 26, 27 | ui/ei/y | vuil/vyl; Mei/my; huis/hys; kuil/keil; ruig/ryg | Bekende sigwoorde PLUS my, sy, hy, hom, ons, julle, hulle |
| Van week 14 af gaan u, behalwe stillees, ook spesiale aandag aan voordraglees gee. Voordraglees verskil van hardoplees. Hardoplees is bloot om so hard te lees dat ander jou kan hoor. Selfs as leerders al vlot kan lees, sal u opmerk dat hulle gewoonlik sal terugval op hardoplees as hulle 'n woord nie met stillees kan uitmaak nie. Voordraglees is lees met variasie in intonasie, stemtoon, spoed en volume. Voordraglees word aanvanklik aangeleer deur die volwasse voorleser te na-aap. Leerders het nou al bykans twee kwartale na u voordraglees geluister en u moet van hulle begin verwag om self te dink hoe hulle intonasie, stemtoon, spoed en volume sal toepas. | | | | | |
| 14 | Hoofstuk 4: **Biedie en Fienie trek plaas toe** | 28, 29 | Hersien alle klanke wat tot nou aangeleer is | see/se/sê; tee/te; nee/nè/na; lê/lei; see/sy/so/sou | Bekende sigwoorde **PLUS** hê, lê, sê, se, ja, so, O! môre |
| | | | ***Spelreël:*** Die verskil tussen ***e/ee/ê*** aan die einde van 'n woord: bv. se/sê/see<br>***Spelreël:*** Al sê jy ***aa*** of ***oo*** aan die einde van die woord, skryf jy net ***a*** of ***o*** | | |
| 15 | Hoofstuk 5: **Fienie en Biedie werk in die nag** | 30, 31 | Hersien en assesseer: Kan die leerder al die les stillees? Hoe goed onthou die leerder wat hy/sy gelees het? Kan die leerder die storie of leesles oorvertel? | | |
| **Storie 6: Fontein van Soet Water** | | | | | |
| 16 | Hoofstuk 1: **Die baas van Fontein van Soet Water** | 32, 33 | oei; oe/ei/oei | koei, bloei, foei, knoei, sproei, roei, broei, stoei, snoei | groen, groei, eerste, vrou, beste, goeie |
| 17 | Hoofstuk 2: **'n Vreemde voël by Fontein van Soet water** | 34, 35 | aai; aai/aa | laai, haai, taai, paai, maai, fraai, kwaai | dag, maak, man, laat, jaar, waar, haal |
| 18 | Hoofstuk 3: **'n Nare ding gebeur by die fontein** | 36, 37 | ooi/oo/oei/oe | nooi, gooi, vlooi, strooi, hooi | nooit, mooi, oom, kon, loop, voor, hoop, ooit |
| **Storie 7: Stories uit Afrika** | | | | | |
| 19 | Storie 1: **Jakkals en Haas** | 38, 39 | • Al sê jy ***aa*** of ***oo*** aan die einde van die woord, skryf jy net ***a*** of ***o***<br>• In Afrikaans skryf ons nooit 'n ***v*** aan die einde van 'n woord nie, altyd 'n ***f***<br>• Vlot herkenning van voorgeskrewe letters/klanke | | |
| 20 | Storie 2: **Toktokkie gaan dans** | 40, 41 | Rond af en begin assesseer | | |